
# Leerlinge moet 'n verskil kan maak

## Talle lewenslesse moet op skool geleer word



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Ek het 'n seun in matriek en het onlangs uiteindelik vasgestel wat die doel van gr. 12 in 'n Suid-Afrikaanse hoërskool is.

By die eerste "verpligte" vergadering met gr. 12-ouers het ons verneem hoeveel dae daar oor is in die skooljaar en dat as jy die vakansie- en sportdae, naweke en toetsskryfdae weglaat, daar inderwaarheid net 'n paar dae oor is voor die eindeksamen.

Die doel van gr. 12 in Suid-Afrika is om jou kind te leer om toetse en eksamen te skryf sodat hy nie die skool se gemiddelde slaagsyfer beduiwel nie.

Prof. Andy Hargeaves van Boston College het vier pilare van die leerproses uitgestippel: Leer om te weet, leer om te doen, leer om saam te lewe en leer om te wees.

Skole in Suid-Afrika vaar redelik goed met die eerste vereiste, is middelmatig met die tweede, is swak met die derde en moet nog uitvind wat met die vierde pilaar van die leerproses bedoel word.

Ons het so 'n obsessie met punte dat ons nie die vooruitgang wat kinders in die lewe maak, raaksien nie; ons is meer begaan oor prestasie as die ontwikkeling van intellektuele karakter. Ons leerlinge kry vrystelling om universiteit toe te gaan, maar het nie die onderskeiding behaal om die gemeenskap as goed gebalanseerde volwassenes te betree nie.

Die wortel van die probleme met skoolopleiding is hierdie onvermoë om landsburgers te ontwikkel wat bekwaam en mededingend in die wye wêreld is.

Die eerste ding wat leerlinge nie in die skool leer nie, is hoe belangrik verpligting is. Suid-Afrikaners is van die luiste mense ter wêreld. Ons banke maak laat oop en sluit vroeg. Ons is die enigste land waar skoliere en werknemers 'n Vrydag sal afvat as die Donderdag 'n vakansiedag is.

Ons slaag nie daarin om aan leerlinge die geestelike en ekonomiese waarde van harde werk te leer nie.

Ons leer, ten tweede, ook nie skoliere die waarde van kreatiwiteit nie. Ons heg waarde aan meelopery eerder as meningsverskil, konsensus eerder as konflik.

Dis miskien die rede waarom Suid-Afrikaners die Nobelprys vir vrede wen eerder as dié vir wetenskap of geneeskunde.

Die derde ding wat ons nalaat om ons kinders te leer is die waarde van empatie. Skole en die samelewing bewonder fisieke krag bo betekenis, mag bo empatie, beheer bo deelneming. Kamp Staaldraad het my nie in die minste verbaas nie. Dit is die logiese gevolg van 'n nasionale kultuur waarin gedwone onderdanigheid belangriker is as die ontwikkeling van die brein.

Die vierde ding wat kinders nie op skool leer nie, is die belangrikheid van vertroue. Kinders stap in gr. 1 in met baie selfvertroue en 'n lus vir die lewe.

Maar teen die tyd dat hulle gr. 12 bereik, ontbreek die moed en selfvertroue om die volwasse wêreld te betree. Om kinders te leer om bevoeg te wees is nie genoeg nie. Om hulle te leer om vertroue te hê is wat van hulle volledig mens sal maak in 'n onsekere wêreld.

Die vyfde ding wat kinders nie leer nie, is betrokkenheid. Hiermee word bedoel die vermoë om in verbinding te tree en te netwerk met mense wat verskillend is as jy. Die meeste van ons leerlinge word groot in mono-kulturele omgewings, gestrem deur hul vermoë om net een taal te praat en sonder enige verbintenis met mense in 'n ander konteks, kultuur of gemeenskap.

Die sesde ding wat kinders nie op skool leer nie is die waarde van omgee. Om om te gee en uit te reik na diegene wat hulp nodig het, is 'n lewenswyse. In die laer grade buig selfbelang selde die knie vir diep belangstelling in diegene wat minderbevoorreg is. Weer is dit 'n refleksie op die skool se klem op individuele prestasie eerder as 'n breër sosiale verantwoordelikheid. Universiteite versterk hierdie selfliefde. Dit is egter redelik maklik om om te gee vir iemand wat soos jy lyk of glo waarin jy glo. Die werklike maatstaf vir menslikheid is die mate waarin 'n mens omgee vir diegene wat anders is. Ek sê dikwels aan jong mense dat hulle nooit sal weet hoe diep jou plig lê as landsburger as jy nog nooit 'n baba met vigs teen jou vasgedruk het nie. En jy sal nooit die diepte van die geluk leer ken as jy nie geleer het om om te gee nie.

As ons skole meer tyd bestee om aan jong mense die dieper menslike waardes te leer, sal ons minder matrikulante met onderskeidings hê wat besope raak, vroue nie respekteer nie en ongemaklik is in die teenwoordigheid van mense met 'n ander velkleur.

Mense wie se enigste ambisie in die lewe is om geld eerder as 'n verskil te maak.